

# Op jou merke, gereed …

## Inleiding

Omdat kwiltwerk 'n stokperdjie is wat ons in afknyptydjies doen, is dit baie belangrik om ons kwiltwerk- en naaldwerk gereedskap bymekaar hou. Dit help om ons tyd goed te gebruik, anders gaan ons kosbare kwilttyd verloor deur na ons goed te soek wat die hele huis vol lê.

Ons gaan vandag 'n skoendoos versier om al die gereedskap bymekaar te hou. Dit kan jou eie naaldwerk skatkis wees.

Soos jou penneblikkie wat jy vir skoolwerk gebruik, moet jy en die mense om jou, die inhoud van die naaldwerk skatkis weer op hulle plek bêre as dit klaar gebruik is.

## Hoe gaan jy die Skatkissie maak?

Ek gaan jou vandag wys hoe om 'n pragtige, oorgetrekte skoendoos te maak wat jou naaldwerk skatkissie gaan wees en dan gaan ek jou help om jou kwiltgereedskap te kies om in die kissie te bêre.

> **Woordeboek**
>
> *Dit is tyd om 'n nuwe woord te leer. Jy gaan 'n* ***collage*** *maak vandag. Dit is 'n samestelling van fotos van jou gunsteling goed.*
>
> *Welgedaan!*

## Wat het jy nodig?

### 'n Plek om te werk

Jou werkspasie moet beskikbaar wees vir ten minste een uur vir vandag se projek en moet die volgende insluit:

- 'n Tafel bedek met koerantpapier of plastiek
- 'n Stoel, hoog genoeg om gemaklik op te sit en werk by die tafel.
- Goeie beligting om mooi te kan sien.
- 'n Snippermandjie.

## Gereedskap

Jy gaan die volgende gereedskap nodig hê:

- 'n Plastiek voorskoot om jou klere te beskerm
- 'n Papier skêr
- 'n Verfkwas vir die gom / Modge Podge
- 'n Ou piering om die gom kwassie op neer te sit
- 'n Nat lappie om jou hande aan af te vee


© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za

## Materiaal

Jy gaan die volgende materiaal nodig hê:

- ‘n Paar velle kombuispapier om te help skoonmaak.
- ‘n Skoendoos met deksel. Party skoendose se deksel is vas aan die doos in plaas van apart, dit is ook reg.
- Ou tydskrifte of advertensies. Jy kan ook afval stukke toedraaipapier gebruik.
- Gom – “Heritage Modge Podge” werk die beste, maar jy kan ook wit skoolgom gebruik, soos koue lym of houtgom. (Daar is resepte vir tuisgemaakte “Modge Podge” op Wiki How.)
- Plakkers en kleurkryte – enige iets wat jy wil gebruik om die skoendoos JOUNE te maak.
- 1m lint, of koord of tou.

## Vandag se pret

Blaai deur die tydskrifte, en knip jou gunsteling prentjies uit die tydskrifte met die papierskêr. Jy hou miskien van blomme of mode prentjies, of berge en bome. Jy kan ook ‘n kombinasie van die prentjies maak. In plaas van uitsny kan jy hulle ook versigtig uitskeur as jy wil. Jy gaan ‘n hele klomp prentjies nodig hê!

- Maak gereed vir die proses – sit van die gom op die piering en kry jou kwas reg.
- Maak seker dat die skoendoos skoon is, deur dit binne en buite uit /af te vee met kombuispapier of ‘n stoflap.
- Keer die skoendoos om, sodat die onderkant na bo wys. Jy gaan eers die onderkant plak.
- Verf ‘n dun lagie gom aan die skoendoos en plak dan die uitgeknipte prentjies daarop vas soos jy daarvan hou.  Vryf oor die prentjies om hulle glad tr kry. Laat die prentjies ‘n stukkie oor mekaar gaan sodat daar geen deel van die skoendoos uitsteek nie.
- Terwyl die onderkant droog word kan jy solank die bokant van die deksel se prentjies plak.
- Jy kan nou die kante van die skoendoos plak asook die binnekant, as jy wil.
- As jy nie genoeg prentjies het nie, gebruik toedraaipapier of selfs van die getikte gedeeltes in die tydskrifte.

Ek het vir Kaylen gevra om my met vandag se klas te kom help. Ons werk buite op die stoep waar die lig en ventilasie goed is.


Quilt Club 4 Youngsters #saqgqc4y
© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za





Ons het 'n plastiek tafeldoek oor die tafel gegooi om die tafel te beskerm. Sy is baie lief vir blomme en het haar prentjies uit haar oupa se tuintydskrifte geknip. Sy het hom darem eers toestemming gevra.







Die pienk nat lappie werk baie goed as haar vingers van die gom op kry.





## Opruimtyd!

Nadat die hele skoendoos versier is, is dit tyd om op te ruim. Sit die skoendoos versigtig neer om klaar droog te word. Was die kwassie mooi skoon onder lopende water sodat jy dit weer kan gebuik. Vee die plastiek op die tafel skoon en vou dit op. As jy koerantpapier gebruik


© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za

het, vou dit toe en gooi in die asblik. Bêre al die toerusting. Sorg dat jou werkspasie silwerskoon is. Welgedaan!

Terwyl die skoendoos droog word, kyk ons na die gereedskap wat jy gaan gebruik om te kwilt:

- 'n Skerp naaldwerkskêr. Hierdie is seker die belangrikste. Maak seker dat jy nooit iets grof of papier daarmee sny nie. 'n Skerp skêr sny lap makliker en mooier.
- 'n Papierskêr. Met hierdie skêr sny ons patrone en papiervoms uit.
- 'n Pakkie naalde in verskillende groottes. 'n Mens kry verskillende soorste naalde soos borduurnaalde, Chenille naalde ens. Steek jou naalde versigtig vas op 'n stukkie lap of vilt. 'n Naald wat val en in die mat vassteek, kan baie maklik 'n groot ongeluk veroorsaak as jy of iemand anders daarin trap. Bêre hulle versigtig.
- 'n Vingerhoed wat oor die eerste lit van jou regterhandse middelvinger pas. As jou vingers nog 'n bietjie te klein is vir 'n metaal een, kan jou onderwyseres of mentor vir jou een maak van rou- of seemsleer.
- 'n Liniaal. Om mee te begin kan 'n 30cm skool liniaal werk. Later sal 'n 6" vierkantige kwiltliniaal baie lekker werk.
- 'n Potlood. Dit kan 'n potlood met loodjies wees, of 'n HB een wat skerpgemaak moet word.
- 'n Lekker sagte uitveër.
- 'n Houertjie met skerp lang spelde.
- 'n Lostrek messie .
- 'n Speldekussinkie. Die sponsie bo-op die speldehouertjie is vir eers goed genoeg.
- 'n Notaboekie waarin jy kan skryf wat jy leer of vrae neerskryf wat jy later wil vra. Jy kan dit ook as 'n joernaal gebruik om iets oor jou projekte te skryf.
- Jy kan later nog goedjies bysit in jou kissie soos jy dit nodig het. As jy nie nou dadelik alles het nie kan jy dit later ook kry.

Merk al jou gereedskap met 'n plakkertjie met jou naam, of 'n plakkertjie wat jy maklik kan uitken as joune. Ek plak gewoonlik myne met 'n helderpienk hartjie.

Is jy linkshandig? Het jy geweet mens kry 'n skêr wat spesiaal vir linkshandige mense gemaak is en wat baie beter vir hulle werk?

Kyk of jy die gereedskap wat ek hierbo genome het kan uitken!


Quilt Club 4 Youngsters #saqgqc4y
© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za



## Terug na die skoendoos skatkis.

Jou skoendoos behoort nou droog genoeg te wees. Vir die volgende stap, sal jy 'n volwasse person moet vra om te help.

Sny 'n gleuf in elk van die lang kante van die doos, om trent in die middle, en op dieselfde plek aan altwee lang kante van die deksel. Ryg nou die lint of stukkie tou daardeur sodat die skoendoos en deksel aanmekaar bly, en maak bo-op vas met 'n strik. Die lint moet lank genoeg wees om jou toe te laat om die deksel af te haal sonder dat die lint uittrek. Jy kan nou die gereedskap daarin laai, die skoendoos toemaak en dit bêre vir die volgende keer.





### Wys en Vertel

Baie mooi! Jy is nou gereed vir jou eerste les in naaldwerk. Pos asseblief 'n foto van jou versierde skoendoos op die #saqgqc4y WhatsApp groep.  Mentors, registreer gratis hier. [https://forms.gle/tyRYG54p4MADsb7E6](https://forms.gle/tyRYG54p4MADsb7E6)

## Volgende keer

Hoe om gare in 'n naald te steek.

### Het ek iets gemis?

Hou die #saqgqc4y WhatsApp groep dop vir ander lekker projekte.


© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.


S A Q G
Established in 1989